GEOGRAFIE

# Handel in Suid-Afrika en die wêreld

## Graad 6

Week 3: 6 Mei

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# NASIENWERK
# (WEEK 1-2)



Maak asseblief seker jy het Aktiwiteit 1-3 nagesien en jou verbeteringe langsaan jou foute neergeskryf voordat jy na die volgende eenheid beweeg.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

EENHEID 3

# HULPBRONNE EN HUL WAARDE (BL.42-43)





- Wat is die waarde van grondstowwe en vervaardigde goedere?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# HULPBRONNE:

- Hulpbronne is wat mense gebruik om te lewe, soos **minerale en water**.
- Hulpbronne het **waarde**.
- Die waarde van iets is wat dit werd is.
- In handel is die waarde gekoppel aan die **prys of geld** wat vir iets betaal word.
- **Vervaardigde goedere** kan teen 'n veel **hoër prys** as grondstowwe verkoop word.
- Elke proses kos geld, as baie prosesse nodig is om iets te maak, kos dit gewoonlik meer.
- Die land moet ook probeer om vervaardigde goedere uit te voer, want dit kan teen 'n hoër prys verkoop word.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# DIE KOSTE VAN BROOD:

Brood word van meel gemaak.

Hoekom is brood dan **duurder** as meel?

Sekondêre produkte soos brood het **meer waarde** of kos meer omdat dit vervaardig word. Dit gaan deur ‘n proses.

Kyk gerus na die volgende video:

https://www.youtube.com/watch?v=3UjUWfwWAC4



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# KYK NA DIE VOLGENDE PROSES:



Rou vrugte by die mark

Primêre produk



Konfyt word by die fabriek gemaak

Sekondêre produk




Blikke konfyt te koop in die supermark

Diens

**Die geblikte appelkooskonfyt is baie duurder as die rou vrug omdat dit deur 'n proses vervaardig is.**

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Aktiwiteit 4:

1. Kyk na die skets.




Tamaties op die landerye — Tamatiesous word gemaak — Te koop by supermarkte

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Aktiwiteit 4 vervolg:

1. Noem:

a) ‘n primêre produk

b) ‘n sekondêre produk

c) ‘n diens

2. Verduidelik waarom ‘n bottel tamatiesous meer as die tamatie self kos.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ***Kan jy tot dusver die volgende vrae beantwoord:***



- Wat is handel?
- Gee ‘n voorbeeld van ‘n primêre en ‘n sekondêre produk.
- Noem twee produkte wat SA in- en uitvoer.
- Wat is die verskil tussen grondstowwe en vervaardigde goedere?
- Hoekom kos vervaardigde goedere meer as grondstowwe?

**Volgende week:**

**Ons fokus volgende week op die vervaardiging van sjokolade en juwele.**

Laerskool Mikro Kopiereg ©